ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT

KOERANiA

Desember, 2023 | Volume 01 | Uitgawe Nr. 01

AWS
KONTRAKTEURS
ACCREDITED GLASFIT AGENT
066 205 4215
awsgroep@gmail.com

Kinderdrome… Petro van Wyk is 'n baie goed opgeleide vlieënier wat pas aangestel is as die algemene bestuurder van die Springbok Vlieg- en Grondakademie in Orania.

Springbok Vliegakademie land in Orania

Dia van Staden - Redakteur

As iemand twee jaar terug vir Petro van Wyk vertel het dat sy nou die Algemene Bestuurder van die Springbok Vlieg- en Grondakademie in Orania sou wees, sou sy jou met ongeloof aangekyk het.

As iemand twee jaar terug vir Petro van Wyk vertel het dat sy nou die Algemene Bestuurder van die Springbok Vlieg- en Grondakademie in Orania sou wees, sou sy jou met ongeloof aangekyk het.

Daardie ongeloof word deesdae met 'n glimlag vol hoop en vooruitsig vervang. Petro wou na matriek net vlieg, maar volgens die toelatingstoets was haar profiel "nie gepas vir 'n vlieënier nie". Sy was uiters teleurgesteld, maar het besluit om haar gawes in te span en verwerf haar B Com Regte graad in 1993. Sy het haar kursus voluit aangepak en ook haar LLB-graad in 1996 verwerf. Haar loopbaan het by 'n Benonipraktyk begin, waarna sy in Pretoria by 'n praktyk aangesluit het. Sy is in 1998 as prokureur toegelaat.

Petro begin egter haar vliegopleiding amptelik in 1996 begin. Met 'n streng pa wat die rieme styf getrek het trek sy terug huistoe, word verplig om haar opleiding te voltooi en verbied om muisneste te ontwikkel.

Sy het aanvanklik verkeerspatrolies met 'n vastevlerkvliegtuig, die Cesna172 gevlieg en die verkeer op Jacaranda FM vir die metro uitgesaai.

In 2000 vlieg sy die Jetstream41 vir SA Airlink en op 1 Januarie 2003 sluit sy by SAL as mede-vlieënier aan. Petro vlieg vir 'n tydperk van 18 jaar en 8 maande vir SAL. Sy het meer as 14 500 vliegure agter haar naam, wat haar 'n gesoute vlieënier maak. Sy is in 2007 getroud, maar die huwelik het ongelukkig nie uitgewerk nie.

In November 2019 is SAL onder besigheidsbestuur geplaas en in Maart 2020 het die grendelstaat baie drome gestuit.

Haar ouers, Kaptein Flippie en Maryna Vermeulen, besluit toe om die paar weke op hul familieplaas, De Put, naby Petrusville deur te bring. Twee weke word uiteindelik sewe maande. "Die hele lugvaartindustrie het tot stilstand gekom en salarisse is vanaf Mei 2020 totaal gestaak," vertel sy met groot oë.

Petro voer gedurende dié maande lang gesprekke met haar ouers, wat die bedryf goed ken, om haar opsies te oorweeg. Die feit dat daar sprake was dat SAL die bestaande 500 vlieëniers na 88 sou verminder het nie gehelp om haar vrese te besweer nie. "Ek is geheg aan familie, my land en kultuur en ek wou nie internasionale vliegwerk gaan soek nie," sê Petro.

Op die vraag of dié beroep vir vroue meer uitdagend is vertel Petro dat dit meer intellektuele krag as fisiese krag verg, maar dat daar voortdurende druk is om beter te presteer. Die feit dat haar pa soveel jare by SAL betrokke was en omdat sy 'n vrou is het dit die eise soveel meer gemaak. Sy sê dat sy haar hoed lig vir vroue met gesinne wat steeds hoogtes bereik. "Jy moet voortdurend op n baie hoë vlak presteer om volhoubaar aan internasionale standaarde te voldoen," deel sy.

Sy het voor 'n kruispad gestaan en neem toe die uitnodiging van haar ouers aan om by die familiebesigheid, die Springbok Group of Companies by die Randse Lughawe in Germiston, betrokke te raak. Die Springbok Group of Companies is in 2007 deur haar ouers gestig, wat onder andere vliegsafaris met historiese vliegtuie doen, onder die vaandel van Springbok Classic Air, vliegopleiding as Springbok Air Academy, asook onderhoud op vliegtuie as Springbok Aviation Services. Petro het meeste van die tyd nie lus gehad om op te staan nie en was in 'n kantoor gekluister. Sy kon so bietjie met toeriste vlieg, maar nie genoeg om 'n lewe te maak nie.

Volgens haar het sosiale media die besigheid se profiel op 'n internasionale vlak aan die gang gehou omdat die bewaring van renosters, olifante, seeskilpaaie en die vernuwing van die Springbokhandelsmerk genadiglik soms die aandag getrek het. "Die sosiale media beeld wat geskep was, was meer opwindend as die realiteit,"sê Petro. Sy het gedink dat haar vliegloopbaan tot 'n einde gekom het, maar die Here het ander planne met haar gehad.

Aangesien sy jare al raadgewend betrokke is by die ontwikkeling van Orania se vliegveld het sy in 2023 die moontlikheid van 'n vliegskool begin ondersoek.

Sy is op 17 September 2022 met Danie van Wyk, 'n plaaslike boer getroud, en woon nou tevrede in Orania. Danie is al verskeie jare by haar ouers se boerdery betrokke.

Sy het 'n passie vir vlieg en besigheid en is entoesiasties om in die vliegbedryf in haar nuwe tuisdorp 'n bydrae te lewer.

Op 11 November word Springbok Orania Vlieg- en Grondakademie amptelik geopen en die sosiale media blootstelling het reeds baie belangstelling van voornemende studente ontlok. Die akademie sal as substasie onder die Randfonteinse lughawe, Air Academy, funksioneer.

Daar is reeds 5 studente wat geregistreer het om voltyds of deeltydse opleiding te ondergaan. Verskeie werkende persone wat reeds hul PPL voltooi het, wil nou hul vliegure opbou en 'n hele paar skoliere het aangedui dat hul vlieg as 'n loopbaan oorweeg.

"Ek is opgewonde oor Springbok Orania omdat ek trots is op my taal, my christenskap en kultuur. Internasionale vlieg is Engels en om trots Afrikaans te leer vlieg is lekker!"

Die akademie se kantore is by Vluytjeskraal te vinde en vir enige navrae kan Petro by 083 307 6112 gekontak word.

Volgende maand leer ons die instrukteur, Johan de Lange, beter ken.

KITSNUUS

Lees meer binne

Nuwe tegnologie toegepas vir die Orania watersuiweringsnetwerk
Bladsy 2

BKO se Leer-my-hoe proefplaas is bekendgestel
Bladsy 5

Ontmoet 'n Orania Pionier
Bladsy 7

Skolenuus
Bladsy 11

KOERANIA REDAKSIE: Redakteur Dia van Staden | **Grafiese ontwerp / Uitleg** Koos Gagiano **Kontakbesonderhede** redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180

KOFFIE EN KLETS

met die redakteur

Na 30 maande in Orania is dit vir my 'n groot lekkerte om 'n digitale koerant vir die gemeenskap en 'n wyer lesersmark in Afrikaans beskikbaar te stel. Orania spog nie verniet met EIE arbeid, EIE grond en EIE instellings nie. Hier is nog 'n EIE skepping – Koerania!

Koerania is Orania se eie gemeenskapskoerant. Alhoewel daar soms nuus vanuit ander oorde mag verskyn, sal dit beslis in Afrikaans oorvertel word. Ja, ek is deeglik daarvan bewus dat ek en die meerderheid lesers die koerant in 'n gedrukte formaat sou wou sien. Dit word egter nie in die vooruitsig gestel nie, want digitaal maak ons nuus internasionaal beskikbaar. Ons wil graag Orania se stories so wyd as moontlik vertel, sodat die Orania-idee 'n duidelike boodskap van selfbeskikking en oorwinning kan uitdra.

Die samestelling en verspreiding kan natuurlik nie sonder adverteerders geskied nie. Dankie aan die eerste adverteerders wat saam met Koerania se span geskiedenis maak! Ons sal self, maar SAAM bou!

Ek nooi elke inwoner om my te kontak indien daar 'n interessante brokkie nuus is wat jy graag in Koerania sal wil sien. Dit moet egter nuuswaardig wees! Koerania is 'n gemeenskapskoerant en nie 'n skinderblad nie. Koerania sal maandeliks by www.koerania.co.za verskyn. Hou die Facebookblad dop vir meer inligting.

Indien jy jou besigheid wil adverteer is daar vele opsies wat jy kan aanwend om jou besigheid selfs meer bekend te maak. Kontak my by redakteur@koerania.co.za om jou advertensie te bespreek.

Sit aan die ketel en skink 'n koffie!

Dia van Staden



Orania se watersuiweringsnetwerk gee hoop

Die Orania Aandeleblok se direksie het die nuwe watersuiweringsnetwerk dié week besoek en was aangenaam verras met die nuutste tegnologie wat hier toegepas is.

André van Heerden, die Hoof van Ingenieursdienste by die Orania Dorpsraad het op Woensdag 29 November met trots die watersuiweringsaanleg se werking aan die direksie van die Orania Aandeleblok (OAB) verduidelik.

André vertel dat die siviele werk en opkoppeling van pype ongeveer twee maande se werk was en die onkostes daaraan verbonde was byna R400 000-00. "Die bou en aanmekaar sit van die tenk, wat in vier stukke by ons gearriveer het, was 'n drie maande proses en het R1.4mil gekos," sê dié ingenieur. Volgens hom het die hele Infrastruktuurafdeling ingespring om die toring te bou tot waar hy nou staan.

Kobus Pieterse en Christo Theron van Cubic Water in Nelspruit het blykbaar reeds vier jaar gelede met 'n soortgelyke mobiele eenheid die dorp besoek. Alhoewel André dadelik beindruk was, het sy afdeling 'n prioriteitslys gehad wat eers aandag moes geniet.

Hy verduidelik: "Die rioolnetwerk was lank 'n krisis en inwoners het dalk al vergeet dat ons in Diamantlaan 'n reuse rioolprobleem gehad het. Baie geld is in die bou en ontwikkeling van die oksidasiedamme en toevoerlyne in en dit het byna 4 jaar geneem om dit op te los, maar hier staan ons tenk ook nou."

Die feit dat die nuwe stelsel se tegnologie daartoe bydra dat mannekrag na ander terreine verplaas kan word, aangesien dié stelsel nie so arbeidinstensief is nie, help baie. Die chemikaliedosering is meer akkuraat en geskied outomaties. "Met die ou stelsel moes personeel die afgelope paar jaar kleppe gaan oop- en toedraai wat dit arbeidintensief gemaak het. Nou kan hul op 'n selfoon dophou of alles in orde is en bly." Moontlike foute kan aan die toevoerkant ontstaan indien die rouwater waaruit suiwerwater moet kom 'n vlakfout toon. 'n Alarm waarsku die personeellid van 'n watervlakprobleem of indien die doseringspompe sou afskakel. Beurtkrag is tans die grootste sondebok indien enige probleme ondervind sou word.

Hy vertel dat die volgende stappe pomplyne insluit wat sal meebring dat meer suiwer water by die waternetwerk sal uitkom. Die aanbring van toevoerlyne na die woongebiede daarna, word ook as belangrik geag. "Dit gaan seker nog vier jaar neem," noem André.

André sien uit na die Orasolbattery wat binnekort in Orania geinstalleer sal word, want stabiele krag dra by tot die kwaliteit en kapasiteit van die waternetwerk se toevoer. "Outomatisering is goedkoper en vinniger om noodsaaklike dienste te lewer," voeg hy by.

Hy kyk met genoegdoening terug op die sukses van die geboude oksidasiedamme wat hy voorsien, met soortgelyk meganisasie behoort te werk. "Dit is 'n uitdaging om prosesse weer aan die gang te kry nadat riool te lank gestaan het." André en sy afdeling se ingenieurs is kliphard aan die plannemaak en doen navorsing om die rioolstelstel ook geoutomatiseer te kry.

André vertel dat Oraniërs vir teerpaaie smeek, maar aangesien dit 'n baie duur oefening is bly hy dankbaar dat mens darem nog op grondpaaie kan ry. Hy beskryf dat elkeen 'n verantwoordelikheid teenoor die Skepping het. "Ons gebruik hom, want ons kannie daarsonder nie. As ons die wêreld net kan opvoed om die aarde op te pas en nie te verniel nie," sê hy.

Jannie Roux, direksielid van die Orania Aandeleblok se direksie:

My besoek aan die watersuiweringswerke het my verbaas. Die nuwe tegnologie wat ons personeel toepas om varswatervoorsiening aan die dorp op 'n baie bekostige manier te lewer maak my trots. Daar word vooruit beplan aangesien Orania geweldig uitbrei. Ons is weer op die voorpunt van tegnologiese vordering!

Lida Strydom, Voorsitter van die Orania Aandeleblok se direksie:

Ek is net weer beïndruk met die vooraf beplanning vir, en die uitvoering van hierdie watersuiweringprojek. Ons kan rustig slaap, want ons weet die onderhoud aan ons stelsels is uitstekend. Wat 'n voorreg om so 'n bekwame, kundige en toegewyde tegniese span te hê!

Sy droom is dat Orania 'n wêreldklas infrastruktuur sal bou wat veilige en beskikbare water, ordentlike paaie om op te ry en 'n kwaliteit rioolstelsel insluit. Hy sien die verskil wat herwinning ook aan die omgewing maak en sal daardie sisteme ook wil uitbou. "Ons moet ons voetspoor kleiner maak," deel André.

André van Heerde, hoof van Ingenieursdienste wys hoe skoon die water is wat deur die netwerk kom.

Fanie Bredenhann geniet die skoon water van die suiwerwaterdam.

Stadsbouer – Christo Muller

Christo bou die stad so draf-draf

Dia van Staden - Redakteur

Daar waar Christo die geleentheid kry sal jy hom altyd met trots van Orania hoor gesels. Hy is trots op die Oraniavlag en hy lig met gemak sy kop omhoog waar hy buite sy dorp beweeg. Sy nuwe status as Stadsbouer van Orania motiveer hom steeds om 'n verskil in mense se lewens te maak.

As ywerige drawwer deel hy graag die Orania-idee met wie gewillig is om te luister. Waar hy gaan is hy gewoonlik gewapen met 'n paar Oraniatoffies of 'n kenmerkende koffiebeker sodat hy dit as deel van sy bemarking van Orania kan uitdeel.

Christo en sy vrou Karin is nou reeds drie jaar in Orania woonagtig. Om presies te wees het hul op 2 Oktober 2020 vanaf Worcester na Orania verhuis. Hulle vorm 'n gedugte span as die eienaars van die pragtige Hemel op Aarde gastehuis. Christo se praktyk as Pastorale Sielkundige lê hom baie na aan die hart.

Wanneer jy binne hul huis kom sien jy ook waarom hy die stigter van die Orania Atletiekklub is, wat by Atletiek Suid-Afrika (ASA) geregistreer is. Hy het vanjaar sy twintigste Comrades Marathon voltooi en het soos 'n volbloed Oraniër met die Oraniavlag oor die wenstreep gedraf.

Christo ag sy Skepper as sy inspirasie. "Deur in Hom te groei word ek 'n beter mens," vertel hy opgewonde. Christo het agting vir ouer persone wat nie in die getal vaskyk nie, maar voluit leef. "Dis net fenominaal vir my as ek 'n persoon baie jonger skat. My vrou lag altyd vir my as ek sê: So wil ek oud word."

Christo en Karin het saam vier kinders uit vorige huwelike. Alhoewel slegs hul een seun in Orania woon is hul gedurig op soek na 'n geleentheid om mekaar te sien. "Ons bly altyd fokus om 'n sterk verhouding met ons kinders te behou."

Hy vertel dat Orania hom leer dat hy kan trots wees op die Afrikanervolk en die beginsels kan uitleef. Hy beklemtoon dat dit harde werk verg om in Orania te woon, maar dat hy die vrugte van sy arbeid pluk.

As pastorale sielkundige bly genesing deur Jesus Christus vir hom 'n prioritieit. Hoe meer mense ek tot genesing kan lei, hoe meer loop my beker oor. Dit is vir hom 'n voorreg om mense uit die kloue van hul verlede te begelei sodat hul die volheid van hul lewe kan geniet.

Hy is die voorsitter van die Orania Atletiekklub en dié flukse drawwer smag na groter groei in die klub. Hy is 'n groot voorstaander daarvan om mense bewus te maak van die voordele om fiks te wees sodat dit 'n individu se fisiese en geestesgesondheid kan verbeter.

Werkgewer van die jaar

Vanessa Grundling

Vanessa luister na haar kliënte

Vanessa is al vir ses jaar die dinamiese eienaar van die Orania Wassery. Volgens Vanessa is die algemene werk die was, droogmaak, stryk en opvou van klere en linne. Dié wassery lewer 'n verskeidenheid dienste wat die was of stoom van algemene klerasie, manspakke, trourokke, linne, jasse en matte insluit.

Vanessa en haar man Peet woon reeds 16 jaar in Orania nadat hul voorheen in Kroonstad gewoon het. Vanessa het eers 'n meubelwinkel bedryf, maar moes as gevolg van logistieke uitdagings die deure sluit. "Die grendelstaat het bygedra tot die uitdagings om voorraad van verskaffers wat ver van ons af is, te kry," vertel sy.

Sy verduidelik dat kwaliteit diens beslis die rede is hoekom die wassery suksesvol is. Hulle poog altyd om die ekstra myl te stap vir hul kliënte deur seker te maak dat hul die klere of linne silwerskoon was en volgens hul versoek stryk.

Sy beaam dat daar 'n goeie verhouding tussen werknemer en werkgewer moet heers om 'n suksevolle besigheid te bedryf. "Kommunikasie is uiters belangrik en dra by tot goeie werksverhoudinge wat die werk vir almal aangenaam maak en kliënte kan duidelik sien as daar 'n gemaklike atmosfeer by 'n besigheid heers." Haar glimlag spreek boekdele as sy vertel dat Annatjie Joubert, by wie sy haar besigheidsperseel huur, haar 'n hupstoot van motivering gegee het deur 'n perseel vir haar beskikbaar te stel vir die wassery.

Dié talentvolle vrou is ook 'n bakster van formaat. Sy lewer gebakte produkte aan 'n plaaslike winkel wat dit namens haar verkoop. Dié gebak sluit sjokoladekoek, soetkoekies, klapperys, fudge en vele ander soetigheid in.

Wanneer sy gesels oor die belangrikheid om die regte personeel aan te stel raak sy ernstig, want sy wil vir ander werkgewers aanbeveel om seker te maak oor die profiel van 'n werknemer voordat hul enige persoon in diens neem. "'n Werknemer kan jou besigheid maak of breek. Maak seker oor jou keuses."

Werknemer van die jaar

Marianne Gerber

Lojaliteit is haar kenteken

Sy is byna 16 jaar al 'n personeellid van die Orania Dorpsraad, en is dol gelukkig om as debiteureklerk haar posisie met trots vol te staan. Marianne Gerber woon reeds agtien jaar in Orania, is met Armand getroud en hulle het 2 kinders, Mieke (9) en Ethan (13).

Sy beveel vir enige werknemer aan om 'n liefde vir hulle werk te ontwikkel. "Ek kan my nie voorstel dat ek werk toe moet gaan en nie daarna moet uitsien nie," vertel Marianne. Dit beteken vir haar baie om met betroubare kollegas omring te wees wat haar in haar werk versterk. Hulle werk al 'n geruime tyd saam in die Korporatiewe Dienste afdeling en hul vul mekaar aan en staan mekaar by met raad en daad.

Marianne is verantwoordelik vir die uitstuur van diensterekeninge en daarin word akkuraatheid van haar verwag. Volgens haar afdelingshoof, Janneman Roux, is Marianne 'n staatmaker wat smettelose lojaliteit vir haar werk, kollegas en instansie toon.

Marianne sal nie omgee om nog 15 jaar by die Orania Dorpsraad werksaam te wees nie, want elke dag is vir haar 'n verrassing. "My dae is nooit voorspelbaar of dieselfde nie. Ek geniet die afwisseling wat my werk inhou."

BO-KAROO
OPLEIDING

Waar jy vry, veilig en voorspoedig

VIR JOU 'N TOEKOMS KAN SKEP!

Bo-Karoo Opleiding (BKO) bied die ideale geleentheid om ŉ nasionaal geakkrediteerde kwalifikasie in ŉ goed gestruktureerde landelike omgewing te verwerf. Hier verwerf studente nie net ŉ kwalifikasie nie, hulle word gevorm om as roepinggedrewe volwassenes die arbeidsmark te betree - stewig gegrond in hulle geloof en kultuur, besig om ‘n hoopvolle toekoms te skep!

Bo-Karoo Opleiding bied 'n unieke studentelewe wat onskatbare waarde inhou vir studente. Studente word aangemoedig en ondersteun om hul passies uit te leef buite die klaskamer, nuwe idees te verken en hulself te ontwikkel as holistiese individue deur deelname aan geloof, sport, kultuur en sosiale aktiwiteite. Binne ons leierskapstrukture tree studente ook in verbinding met belangrike rolspelers, wat 'n betekenisvolle wisselwerking tussen die kampus en die gemeenskap moontlik maak. BKO se unieke studentelewe maak dit 'n voorkeur bestemming vir studente wat 'n vry, betekenisvolle en uitdagende studente-ervaring wil hê, wat hul pad sal voorberei vir 'n hoopvolle toekoms gerig op die vryheidsideaal.

Skandeer die QR-kode vir inskrywing

Tel: 053 110 0620 || WhatsApp: 061 768 1852
Epos: ontvangs@bokarooopleiding.co.za || CVO-Rylaan 1, Kleingeluk, Orania

www.bokarooopleiding.co.za

Pieter stap doelgerig saam

Jy stap op jou eie wanneer die staptog begin

Dia van Staden - Redakteur

Die Red 'n plaas Camino het op 14 April in Williston begin en op 22 April in Verneukpan klaargemaak. Dit het beteken dat 120 stappers die 166 km binne 7 dae te voet sou moes aflê. Negentig vroue en dertig mans het die staptog begin, maar nie almal kon byvoorbeeld die "ongerieflike" toilet- en badgeriewe, wind en ver stap hanteer nie en het ongelukkig nie die staptog voltooi nie.

Pieter van der Walt is 'n boer in murg en been en wou nie die geleentheid laat verbygaan om met hierdie waardige projek sy deel te doen nie. "Ek het Erns Grundling met sy televisieprogram, Elders, dopgehou en dit het my lus gemaak om ook so iets te ervaar. Nou wil ek nie ophou nie," beskryf Pieter ewe bedees.

Hy vertel dat die meerderheid bagasie genadiglik op 'n trok gelaai word en dat elke stapper slegs hul water en kos vir die dag saamdra. Hy vertel met 'n glimlag dat daar mense van diep in hulle sewentigs die staptog voltooi het.

Dankbare boere het langs die roete, wanneer die stappers dit die minste verwag, hulle met koue waatlemoen, roomys, energiedrankies of suikersoet pannekoek bederf. Dit is maar een van die maniere waarop boere hulle dankbaarheid vir die Red 'n plaas stappers getoon het.

Moet nie dink dat die stappers afgeskeep is met lekkergoed nie. In die aande het die *smokkeltrokkie* allerhande bederfies gebring wat hulle kon koop om te geniet. Elke vyf kilometer van die tog is 'n waterpunt en ablusiegeriewe beskikbaar gemaak.

Ontbyt en middagetes was elkeen se eie verantwoordelikheid. Pieter het twee trommels gepak met klere, noodsaaklike noodmiddels, graankosse en melk vir ontbyt en biltong, droë wors, droë vrugte en *sweeties* vir middagetes saamgeneem. Smaaklike aandetes is by hul kampplekke bedien.

"Jy stap op jou eie wanneer die staptog begin. Jy het tyd om oor die lewe te besin. Dit word 'n binnereis," sê hy op 'n ernstige noot. Die daaglikse 20 tot 27 km se geloop beteken dat jy verskillende mense langs die pad ontmoet en Pieter vertel dat jy naderhand soveel mense leer ken dat daar selfs genoeg tyd is om na mekaar se stories te luister.

"Alleen stap kry jou kop skoon, maar myne het nie skoon gekom nie," skerts hy. Oor die redes waarom elkeen die staptog aangedurf het was daar uiteenlopende reaksies. "Sommiges het 'n hart vir die boere en ander is stukkende mense wat 'n doel vir hul eie lewens soek." Pieter voel dat dit wel moontlik is om heel te word aangesien jy tyd het om te dink aan wat moet verander. "Van die mense kan self herstel, maar die gesels met 'n vreemdeling en die deel van jou hartseer, help individue om beter te voel," deel hy.

In die aande slaap elkeen in sy eie tentjie wat jy self moet opslaan en moreoggend dou voor dag moet afslaan. "Weens my persoonlikheid het ek maar altyd mense om my," spot Pieter. Hy het maar handjie bygesit as daar iemand was wat hulp benodig het met blase op die voete, skoene wat pla of selfs 'n ligte oomblik nodig gehad het.

(word vervolg... volgende maand vertel Koerania meer van Pieter se Tankwa Camino).

'n Eerste Proefplaas wat Leer-my-hoe bevorder

Michelle Rust, lektor vir Boerderybestuur aan die woord.

Org du Plessis is 'n direksielid wat SAAI tydens die bekendstelling van die proefplaas verteenwoordig het.

Die beste woorde wat enige jeugdige entrepreneur vir 'n kundige persoon kan vra is: Leer-my-hoe? Dit is die naam van die eerste Proefplaas wat onlangs op 'n hoewe in Orania geopen is.

Paul Vogel, die uitvoerende hoof van die Bo-Karoo Opleidingsentrum, het met trots sy personeel en landboustudente geluk gewens met hul vordering en die bou van die eerste proefplaas en tonnel om groente te verbou. Paul het beklemtoon dat arbeidadel 'n belangrike kernwaarde is en dat die suksesvolle uitvoering van take bydra tot goeie waardes. "BKO studente is rentmeesters, want hulle bou die land waarop hulle geplaas word," sê hy.

Die direksielid van SAAI, Org du Plessis, het in sy toespraak genoem dat kennis, ritme en uithouvermoë belangrike kwaliteite is wat aan die volgende generasie oorgedra moet word. Dr Dirk Hermann, Bestuurshoof van Solidariteit het bygevoeg dat Afrikaners se antwoord op 'n krisis is om 'n landboukollege of 'n boerdery te begin, omdat ons oplossings nastreef.

Marcel Badenhorst, lektor by die landboudepartement, het die studente bedank, gelukgewens en uitgedaag om steeds na uitnemendheid te mik.

Registrasies vir studente om by enige van BKO se studierigtings aan te sluit is reeds oop. Besoek www.bokaroooopleiding.co.za vir volledige besonderhede.

Bandemeester papwiel101

Foto: Karen J v Rensburg

Veilige vroue... Die feesseisoen en Desembervakansie is hier en daar ontstaan ongelukkig gereeld ongemaklike en onvoorsiene omstandighede met voertuie wanneer 'n familie of vrou-alleen die langpad aandurf.

Bandemeester het op 16 November 'n damesaand aangebied waartydens dames touwys gemaak is in die ruil van 'n pap band wanneer hulle alleen in 'n voertuig sou wees. Volgens Pieter du Bruyn, bestuurder van Bandemeester, was Papwiel101 'n reuse sukses en meer as 40 vroue het die aand bygewoon. Die feit dat die vroue sukses kon smaak en kon uitvind dat dit nie so moeilik is as wat hul verwag het nie, het tot groot glimlagte bygedra. Daar word beplan om sommer vroeg in 2024 'n volgende inligtingssessie aan te bied.

DIY DEPOT
BOUMATERIAAL HARDEWARE VERF

DIE LIG OP JOU HORISON
ORION HARDEWARE

Ysterklipstraat N19; Orania

Besigheidure:
Weeksdae 07:00 - 17:00
Saterdag 08:00 - 13:00

Tel: 087 237 6800

E-pos: orania@diydepot.co.za

0.7 Lt **R35**00
1.6 Lt **R60**00
2.4 Lt **R80**00
OVAAL GLAS-BAKKE VIR OONDGEBRUIK

REGHOEKIGE GLASBAKKE VIR OOND-GEBRUIK
1.6 Lt **R66**00
2.2 Lt **R110**00

GLASHOUER MET PLASTIEK DEKSEL
370 ml **R24**00
640 ml **R35**00
800 ml **R39**00

NIE-KLEEF PAN (BLOU)

20 cm **R129**00
26 cm **R170**00
28 cm **R195**00

MINI MULTI-TOESTEL EN SAKKIE
R20000

MULTITOESTEL, LED LIG EN SAKKIE
R38500

OORLEWINGSMES MET LED LIG
R28500

4 STUK BRAAIERSTEL VIR KINDERS
R40000

BRAAIER VIR 'N REISIGER
R29000

RYOBI BOSSIESLANER 43CC
R284000

RYOBI RANDSNYER 300W
R36500

TUINSLANG + PASSTUK
12mm x 25m
R33000
19mm x 30mm
R50000

TAFELWAAIER 30CM
R55000

3 STUK BRAAISTEL VLEKVRYESTAAL
R15000

PLASTIEKWARE
Glase 4 Stuk **R80**00
Nageregbakkies 4 Stuk - 14cm **R89**00
Wynglase 4 Stuk **R129**00
Borde 4 Stuk - 25cm **R100**00

KOORDLOSE GLASKETEL
1.8 Lt **R460**00

MUSKIETNET

2.2 x 8.5 diam
R31500

Orion wil saam met jou hele gesin feesvier, daarom hou ons bederfgeskenke, kamptoerusting, tuinmeubels en al jou gasbenodigdhede aan!
'n Geseënde Christusfees van ons Orionfamilie aan joune!

JY VERSKAF DIE HUISPLAN, ORION VERSKAF DIE VOLLEDIGE KWOTASIE. IN 'N JAPTRAP KAN JY BEGIN BOU!

Tork Craft Power Tool Accessories · RYOBI Power tools that won't quit. · Dulux · Duram SMART PAINT · TJHOKO PAINT · Husqvarna south africa

Gas- & Kamptoerusting, Tuinbenodigdhede
Boumateriaal, Sement PPC, Staal & Hout

ORANIA PIONIER

Tannie Elize is ‘n instelling by die Beweging

Dia van Staden - Redakteur

Sy begin haar dag met gemmertee en ‘n suurlemoensappie, want dit gee haar dag skop! Elize Ungerer (81) het in Januarie 1994, as werknemer van die Afrikaner Volkswag, vanaf Pretoria na Orania verhuis. Haar eggenoot, Jack, was goed bevriend met die Boshoff-familie, wat die skuif vir haar en haar skoonma meer draagbaar gemaak het.

Tannie Elize, soos sy alombekend is, leef met ‘n dankbare hart. “As ek soggens my oë oopmaak en ek besef ‘n nuwe dag het aangebreek, vul dit my met ‘n onmeetbare dankbaarheid,” sê sy. Die feit dat sy kan voel, sien, hoor en uit die bed uit kan opstaan bly vir haar merkwaardig. “Ek staan nie meer so flink soos Fanus Rautenbach gesê het uit die vere nie, maar ek kan vir my ‘n koffie maak, na die voëls se gesange luister en nog ‘n dag tegemoet gaan met vreugde in my hart,” vertel sy glimlaggend.

Die deftige blomliefhebber is steeds drie oggende ‘n week vir ‘n halfdag op haar pos as die administratiewe beampte van die Orania Beweging, waar sy al dertig jaar werksaam is.

Ek beskou dit as ‘n voorreg om nog te kan werk, want dit hou my verstand aan die gang. Ek kan in die huis sit en myself jammer kry en vergaan, maar ek sien nie daarvoor kans nie. Daarvoor vloei die De Wet-bloed te sterk deur my are.” Sy het vele goeie vriende met wie sy gereeld kommunikeer.

Sy laat haar nie deur die tegnologie van ‘n selfoon afskrik nie. Die video-oproepe van haar vêr of naby kinders is vir haar ‘n vreugde. Dié moeder van vier kinders spog graag met foto’s van hulle met die kleinkinders. Haar en Jack se oudste seun John, en haar jongste dogter, Jo-Anne, woon in Mackay in Australië. Sy en Jo-Anne gesels elke vroegoggend ‘n paar woorde met mekaar om seker te maak sy is gesond en aan die gang. Haar seun Gerald woon

Foto: Riaan Badenhorst

in Krugersdorp en hy is een van ‘n tweeling. Sussie Esther woon in Mosambiek. Die vier kleinkinders, drie dogters en een seun, plus die twee agter-kleinkinders, een seun en een dogter, is haar hart se punt.

Haar opinie van jong-mense word sterk gekoppel aan die verhouding van kinders met hul ouers. Sy is bewus van dié wat nie saam wil trek aan die wa nie en dan hul eie idees en wilde koppe wil volg. Sy beklemtoon dat dié wat na hul ouers luister eendag dié sal wees na wie ‘n gemeenskap kan opkyk. Haar hart en stem word week as sy aan verslaafdes dink. “Ek kry verslaafdes so jammer.”

Die wysheid van die grysheid kom dadelik na vore toe sy gevra word wat haar raad aan die jeug is. “Kry vir jou iemand na wie jy kan opkyk en van wie jy kan leer, ‘n rolmodel of mentor.” Dit herinner haar aan mevrou Anna (Verwoerd) Boshoff, haar rolmodel, wat volgens haar oor ‘n brein beskik het wat enige mens kon begeer. Haar handel en wandel was volgens oorlewering navolgenswaardig.

Tannie Elize het ‘n fyn aanvoeling vir mense se emosies en bederf kollegas of vriende graag met mooi blomme uit haar tuin. Sy is baie lief vir orgideë en rose. Sy spog graag met die magdom irisse in haar kleurvolle tuin. Sy deel graag plante en haar kennis met ander. Die Orania Beweging kantoor pronk gereeld met ‘n rangskikking wat haar blomtuin en behendige hande geskep het.

Alhoewel sy baie lief daarvoor is om in haar tuin te stap en blomme te pluk het sy in 2021 ‘n heupoperasie on-dergaan om haar be-weeglikheid te ver-beter en die buk-aksie weer moontlik te maak. Sy sterk tans aan na die groot operasie wat sy baie dapper aangepak het. Haar gehoor is nie meer so skerp soos jare gelede nie. Intussen, voordat sy haar gehoorstuk aangeskaf het, het sy maar vir mense gevra om hulself te herhaal, as sy nie kan hoor nie. Sy beskou die verlies aan gehoor as ‘n tragedie, want interessante geselsies is vir haar soos kos en water.

Haar liefde vir kosmaak het nie, vandat haar man sestien jaar gelede oorlede is, afgeneem nie, maar sy spot oor die hoeveelhede wat drasties verminder het. Haar lusernsop is ‘n gunsteling onder vriende en kollegas.

Sy verduidelik dat sy nie werklik nog drome het wat bewaarheid moet word nie, maar dat die behoefte om haar agter-kleinseun in Australië fisies te ontmoet en vas te hou ‘n besliste droom is. Sy twyfel egter of dit ooit bewaarheid sal word.

Die woordjie “as” het sy lankal mee vrede gemaak, omdat ‘n mens nie die horlosie kan terugdraai nie. “Dit is nie ‘n maklike woord nie, omdat ons nie in die oomblik leef nie, en altyd op soek is na iets in die verlede of die toekoms.” Sy het ‘n bewuste besluit geneem om elke dag met nuwe moed aan te pak, sonder ‘n “as”.

As jy van die ekstra myl wil praat, kan tannie Elize se naam sinoniem daarmee genoem word. Daarom dat vriende vir haar belangrik is. “Ek lewe vir mense wat my verstaan en ek is lief daarvoor om te gee.”

Tuis wag haar vyfjaar-oue kat, Vlenters, wat sy as ‘n babatjie gekry het, haar in. Blykbaar het Vlenters met sy aanneming alles gebreek en daarom glo sy dat die kieter wildekatbloed in hom het. Tannie Elize se hande moet altyd besig wees. Sy hekel, brei en doen kralewerk. Haar gebreide slaapsokkies skenk sy graag vir die bejaardes by die Karoosig Aftreeoord. “My man het altyd gesê hy gaan eendag ‘n breinaald en wol saam met my in my kis sit,” vertel sy met heimwee.

Haar geloof is ‘n kleinood wat sy met dankbaarheid koester. “Ek glo wat ek ontvang is ‘n gawe van God, en daarvoor moet ek dankbaar wees. Ons mense sê nie genoeg dankie vir alles wat ons onverdiend ontvang nie.”

Sy drink elke dag knoffelpille, vitamine C, B-kompleks, magnesium en D3, want sy verkies om kieme op ‘n natuurlike wyse te beveg. Sy kan nie onthou wanneer laas sy verkoue gehad het nie. “Aanvullings is goed vir jou, maar ‘n hoop pille kan nooit goed vir jou wees nie.”

Aangesien twee-en-tagtig haar volgende mylpaal is, is sy onseker wanneer haar werkshoed opgehang sal word. Sy glimlag as sy dankbaar gesels oor die groot genade dat haar brein nog helder is.

“Mens moet altyd hoop hê. Hou jou brein met opbouende goed besig. Kry ‘n stokperdjie en moenie heeldag televisie kyk nie. ‘n Goeie nagrus is baie belangrik. Ons kry baie meer as wat ons verdien.”

Om saam aan ‘n storie te skryf

Die afgelope tyd fassineer die woord gemeenskap my. ‘n Mens kry dadelik die idee van behoort, om deel te wees, om saam te wees, om indiwiduele bydraes te waardeer. Gemeenskap, so voel dit vir my is iets moois, geweldig kosbaar. Dit is iets om na te strewe.

Daar bestaan verskeie definisies vir gemeenskap. Maar wat beteken dit vir ons in Orania? Sou dit kon beteken dat ons saam aan ‘n storie skryf? Dalk is ‘n gemeenskap ‘n groep mense wat besig is om saam aan ‘n identiteit te bou, want daar is waarlik iets van almal in die storie van ons gemeenskap. Natuurlik is daar baie verskillende soorte gemeenskap, maar vir my is die gemeenskap van Orania die een wat nou van belang is, want dit is die een waarin elkeen van ons ‘n unieke rol speel.

Is gemeenskap die rede dat ons tog as ‘n groep verstaan dat ons morele integriteit wil bevorder? As ‘n groep het ons sekere verwagtinge en sekere ideale en daarom deel ons almal in die vreugde as Orania sukses behaal of van buite af geprys word. Maar dit maak ook seer as Orania van buite-af aangeval word. Dit maak nog seerder as Orania van binne-af aangeval word. As jy na binne toe skiet, dan skiet jy tog ook ‘n deel van jouself raak. Dit is daardie wonde wat die hele gemeenskap laat pyn.

Gemeenskap is om saam aan die storie te skryf, selfs wanneer ons van mekaar verskil, want ons het net mekaar oor. Gemeenskap is om betrokke te raak en jou stem te laat hoor, want ons storie is belangrik genoeg om mee moeite te doen.

Vanoggend vertel iemand my dat hy sy tuinwater deur die aand aan vergeet het en hoe skuldig hy daaroor voel omdat ons nou almal moet mooi werk met die rouwater. Hy vertel dat sy buurman in die vroeë oggendure sy kraan kom toedraai het. Die buurman wat elke oggend vir hom waai, het vanoggend vir hom vinger gewys. Hy het dit so aanvaar, want hulle is daagliks deel van mekaar se storie.

In Orania skryf ons ‘n nuwe storie vir Afrikaners. Aan die een kant behou ons ‘n identiteit, met ‘n eie taal en geskiedenis, aan die ander kant skryf ons oor nuwe beginsels met ‘n nuwe woordeskat, maar dit is alles deel van óns storie.

Mag ons gemeenskap beleef in Orania. Mag ons met sagte oë na mekaar kyk, veral as ons verskil.

Orania Skouspel spog met tuistalent

Dia van Staden - Redakteur

Die talentvolle Oraniërs het kragte saamgespan en vir 'n lieflike aand gesorg. Almal sien reeds uit na Orania Skouspel 2024

Die eerste Orania Skouspel is onlangs in die gemeenskapsaal aangebied. Verskeie uiters talentvolle kunstenaars het hul stemme dik gemaak om tussen ander talentvolle individue die aandag van die gehoor te geniet.

Verskeie lede van die gehoor het kommentaar gelewer dat dié geleentheid Orania so 'n trappie "hoër" plaas. Ander lede van die gehoor, wat self talentvol is, maar skrikkerig daarvoor was om hulself bloot te stel, het reeds aangedui dat hul die talente en instrumente gaan afstof vir 2024 se oudisies.

Dia van Staden, die Okkasie Hasie, en Eric Bornman, eienaar van Oop-Mikrofoon, het die skouspel georganiseer en was aangenaam verras met die kwaliteit van persone wat oudisies bygewoon het, en sien baie uit na Skouspel 2024. "Ek dink my superkrag is om ander persone se talente na vore te bring en dit vlerke te gee. Dit maak my opgewonde om iemand te sien groei!" vertel Dia.

Eric is self 'n talentvolle musikant en het twee nommers op sy saksofoon gelewer. "Ek is dankbaar vir die geleentheid om my liefde vir musiek te kan uitleef en vir ander die geleentheid te skep om dieselfde te doen," praat Eric.

Die verskeidenheid van sang, instrumente, ballet, lintdans, voordrag en humor het mekaar afgewissel om seker te maak dat die gehoor nie verveeld raak nie. Die instrumentale optredes het gewissel van klavier, orrel, dwarsfluit, mondfluitjie, klawerbord, panfluit, saksofoon en dromme.

Pragtige sang is aangehoor en dit is soms met jong dansers van die Uysie Kirsten Balletskool en Michelle Jacobs se Ritmiese Gimnastiekskool ingekleur. Hugo Grotius het sy nar-mannewales tydig aangewend terwyl hy saam met Cobus Kirsten die rekwisiete op die verhoog soos benodig geskuif het.

Vir die volledige program en name van al die deelnemers, besoek Okkasie Hasie se Facebookblad. Stuur gerus ook daar 'n boodskap indien jy vir volgende jaar se oudisies genooi wil word.

Die nar… Hugo Grotius het die gehoor tydens die oorgang van een item na die volgende vermaak.

Talentvolle dames… Christi de Klerk, Leoni de Klerk, Sumari de Wet en Chantel Strauss het pragtige sangitems gelewer.

Selfsorg akkommodasie waar die gesin saam kan kuier en rus

Orania is op die oewer van die bekende Oranjerivier geleë. Hier is meer as dertig bekostigbare selfsorg gastehuise en akkommodasie-opsies om van te kies. Orania is in die Noord-Kaap geleë, 40 km van Hopetown af, 160 km van Kimberley af en die N12 maak die rit gerieflik. By Hopetown draai jy af na die R369 en vind jou laaste klompie kilometers na Orania. Jy kan via Bloemfontein ook by ons uitkom.

Kom hou vakansie in die dorp met die oewer van die Oranje, die mooiste swembad, skoonste omgewing en die vriendelikste inwoners. Hier kan jy vryheid smaak, na willekeur rondstap, fietsry en ons vars lug inasem.

Onderneem 'n gratis dorpstoer en vind uit hoekom die Afrikanertuiste so vinnig groei. Jou sakpas-gesinsvakansies by die rivier is moontlik! Orania bied verskillende soorte akkommodasie waar jy meestal per persoon betaal. Voeg hierby 'n magdom aktiwiteite en ontspanningsgeriewe, restaurante, koffiewinkels, klerewinkels, geskenkwinkels, geriefswinkels en vele meer.

Kontak die Orania Beweging se Inligtingskantoor by 053 207 0062 vir meer inligting.

Vir die sportliefhebbers is daar tennisbane, netbalbane, jukskeibane, 'n gimnasium, 'n rugbyveld, 'n atletiekklub, perdry en meer.

Orania bied aan enige persoon wat sy geskiedenis koester 'n geleentheid om weer te onthou waarom hy of sy trots Afrikaner mag wees! Jy gaan egter moet opskud, want Orania woel gedurende die feesseisoen.

Hommeltuig-vlieg is nie kinderspeletjies nie

Dia van Staden - Redakteur

Die wetlike aspekte wat in ag geneem moet word voordat die vlieg van ’n hommeltuig vir private doeleindes oorweeg word, verseker die veiligheid van die operateur, omstanders en die omgewing. So verseker Ettiene de Lange, Hoof: Veiligheid ons, nadat hy sy weeklange opleiding voltooi het en daarmee sy lisensie vir die hantering van ’n Klas 1A of 1B RPA-hommeltuig verwerf. Dié lugvaartuig kan tot 7 kg saam karwei en word aangewend in situasies waar daar veral magsvermenigvuldiging benodig word. “Die tuig is vinniger, sien verder as ’n mens, en dien as effektiewe inligtingsbron,” vertel Ettiene.

Hy het jare terug ’n vlieglisensie gehad vir die vlieg van ’n ligte vliegtuig en daarom was die leerkurwe vir hom redelik maklik.

“Sodra inligting met sekuriteit en veiligheid te doen het, spits my ore,” sê Ettiene. Hy vertel dat die Direktoraat van Burgerlugvaart (SACAA) die lisensies reguleer en indien ’n hommeltuig val dit as ’n vliegongeluk beskou word en volledige ondersoeke volg. “Dit is eintlik vreesaanjaend as jy daaraan dink dat jy met ’n masjien ter waarde van φ100 000 vlieg en dit met slegs twee vingers beheer.”

Ettiene verduidelik dat voet- en voertuigpatrollies daagliks gedoen word, maar dat sekere areas nie toegangklik is vir voertuie of voetgangers nie. Indien daar ’n situasie ontstaan waar dit nodig is om sulke onbegaanbare gebiede te bespied, word die hommeltuig ingespan.

’n Lugbandradio word gebruik om volledige inligting te deel voordat die hommeltuig in die lug gestuur mag word. Die vlieënier meld aan met sy naam, waar die vlug plaasvind, hoe lank hy beoog om te vlieg en meld wanneer die vlug beëindig word.

Een van die voorskrifte van die vlieg van ’n hommeltuig is die beperkte visuele lyn wat gehandhaaf moet word. Dit beteken dat ’n operasie binne 500 m van die afstandbeheerder en onder die hoogte van die hoogste hindernis binne 300 m van die tuig af, wat die vlieënier ononderbroke visuele kontak met die tuig moet handhaaf om sy vlug te bestuur en voldoen aan skeidings- en botsingvermydingsverantwoordelikhede, plaasvind.

Die feit dat ’n hommeltuig nie naby bemande vliegtuie, binne verbode lugruim of 10 km of nader aan ’n vliegveld mag vlieg nie is deel van die veiligheidsaspekte. Die tuig mag in daglig en gedurende die nag met helder weerstoestande opstyg.

Die vlieënier moet alle statutêre vereistes met betrekking tot aanspreeklikheid, privaatheid en enige ander wette afdwingbaar deur enige ander owerheid in ag neem. Swaar boetes word vir oortreders opgelê.

Die toevoeging van ’n watervleuel vir Orania se veiligheid

Die totstandkoming van ’n watervleuel het tydens die soektog na die liggaam van Clarissa Joubert na haar verdrinking in die Oranjerivier in Januarie 2020, ’n werklikheid geword.

Die aankoop van ’n geskikte reddingsboot was die begin van die proses. Ettiene het bevestig dat die reddingsboot aangekom het. “Daar is reeds ’n lang lys met name van persone wat belangstel om hul vernuf met swem, noodhulp, lees van kaarte, lees van strome en hantering van toerusting te toon of te verbeter,” noem Ettiene.

Hy stel dit ten doel dat die span altyd op ‘n gereedheidsgrondslag sal wees om die rivier te patrolleer. Die lisensies en veiligheidstoerusting van privaat tuie wat op die rivier vaar moet nagegaan word. Mauritz Meyer staan tans aan die hoof van die watervleuel. “Ons wil onsself kan help, maar ook beskikbaar wees vir ons omgewing, aangesien hier baie water is,” sê hy. “Veilige Orania, veilige streek.”

Snytoerusting se onskatbare waarde

Dit is ’n gerusstellende feit dat die beskikbaarheid van snytoerusting na ’n motorongeluk van onskatbare waarde kan wees.

Dissie Kruger, ’n boer buite Orania, het sowat 18 maande gelede die belangrikheid daarvan persoonlik beleef toe hy ongeveer 20 km buite die dorp in ’n ongeluk betrokke was. Die wrak van sy voertuig was so beskadig dat die snytoerusting gebruik moes word om hom uit die wrak te bevry.

Volgens Ettiene de Lange is dit nie ingewikkelde masjinerie nie, maar dit moet met groot omsigtigheid hanteer moet word. Nadat die naburige brandweer onlangs erken het dat daar binne 250 km vanaf Orania nie werkende toerusting beskikbaar is nie, is dit goeie nuus vir Orania-inwoners dat Orania Veiligheidsdienste oor al meer toerusting beskik.

ADVERTEER IN
KOERANiA
Jou stem binne jóú gemeenskap
advertensies@koerania.co.za

‘n Baljaarplek vir almal

Die kinders kon hul opgewondenheid nie verdoesel nie. Die knip van die lint het dit amptelik gemaak. Kleingeluk se gemeenskapspark is oop!

Die samewerking tussen Solidariteit Helpende Hand en Werk en Welstand het tot groot vreugde vir die kinders van Kleingeluk gelei. ‘n Ruimte waar daar gespeel en gebaljaar kan word is ‘n luukse in ‘n dig beboude gebied. Orania het die voorreg om publieke ruimtes te skep waar daar vrylik beweeg kan word en gesonde ontspanning geniet kan word

Dr Dirk Hermann, Bestuurshoof van Solidariteit, het met die amptelike opening van die parkie gesê dat die park vir kinders geskep is, maar dat ouers hul kinders moet vergesel sodat hulle as opvoeders kan deel in die opvoedkundige waarde van speel, ontspanning en vars lug.

Ds Hannes Noëth, Uitvoerende Hoof van Helpende Hand, het beklemtoon dat dié gemeenskapsparkie die enigste diesulke projek van sy soort uit meer as 10 000 gemeenskapsprojekte wat Helpende Hand vanjaar oral in die land aangepak het. “’n Park skep ‘n geleentheid om te onthou, ‘n nes, ‘n veilige omgewing, ‘n plek waar jy kan hoort,” noem hy.

Die uitvoerende hoof van die Orania Ontwikkelingsmaatskappy, Frans de Klerk, het sy dank teenoor die konstruksiespan uitgespreek en die gehoor ingelig van nog 100 erwe wat in Kleingeluk ontwikkel gaan word.

Christiaan van Zyl, bekende argitek het die park ontwerp en kan beslis met trots na vele van sy ontwerpe in Orania kyk.

Dr Hermann het gesê dat die parkie nou die gemeenskap se eiendom is, dat hul dit moet koester, die parkie as rusplek moet gebruik, maar ook as gesinne die vryheid van die park moet geniet.

P

Peter van Noord en Johan van Zyl is die redakteurs van Platteland. Hul het Orania hierdie week besoek en hul ervaring van die dorp sal in die Februarie uitgawe van dié tydskrif gedeel word.

Orania se openbare kunswerke is besienswaardig – elk met ‘n unieke storie

As ‘n besoeker in Orania arriveer is daar ‘n paar plekke wat ‘n ruspose die moeite werd maak. Dié plekke is geskiedenis- en kultuurbakens van die Afrikaner en vorm deel van ons dorp se karakter.

Die belangrikheid van openbare kuns

Openbare kuns dien twee primêre funksies: Dit bied `n hulpmiddel vir ekonomiese herlewing en skep gemeenskapsidentiteit. Dit verhoog die gemeenskap se lewenskwaliteit deur vir sy burgers ‘n medium te bied om hulle identiteit uit te druk. Dit verteenwoordig `n gevoel van gemeenskapstrots en dit bring mense bymekaar.

Die Orania monumentkoppie is ‘n simboliese terrein om te besoek. Daar is borsbeelde van bekende Afrikanerfigure in ‘n halfmaan geposisioneer en hulle almal se oë is op die klein reus in die middel van die halfmaan gerig. Die klein reus rol sy mou op, omdat hy weet daar is baie werk wat self gedoen moet word.

Die klein reus is Orania se simbool vir selfwerksaamheid en eie arbeid en daarmee saam beteken sy naam dat hy klein is maar dat die werk wat hy verrig en sy idee vir vryheid reusagtig is. Die klein reus kyk uit oor Orania in die toekoms, maar hy is gegrond in sy voorouers en die verlede. Dié beeld is deur Kaalvoet opgerig.

MAAK ’N VOLHOUBARE VERSKIL!

Die Helpsaamfonds skep reeds vir jare hoop, werk, behuising, sorg en opvoeding. Hierdie feestyd wil ons voortgaan om behoeftige Oraniërs te help.

Maak ’n donasie aan die Helpsaamfonds en/of sluit aan.

Bankbesonderhede:
Helpsaamfonds - ABSA
Spaarrekening: 9164504961 Takkode: 632005
Verwysing: jou e-posadres of lidnommer
E-pos asseblief bewys van inbetaling na:
geldsake@orania.co.za

Die Helpsaamfonds is:
- ’n Nie-winsgewende organisasie wat vir jou ’n 18A sertifikaat vir elke bydrae waarborg
- Vol-filiaal van die Orania Beweging

Vir meer Inligting
Stuur ’n epos na
inligting@orania.co.za
of skakel 053 207 0062 of besoek
www.orania.co.za/helpsaamfonds1miljoen/

Skandeer my

Orania Beweging Helpsaamfonds

NOODNOMMERS

Ongevalle | Brand | Veiligheid
060 501 7877 of 053 207 0089

Water & Riool | Elektries
053 207 0063/4 (Kantoorure)
053 207 0089 (Na-ure)

Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar.

Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur ‘n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

Orania Vakansiedae 2024

1 Januarie	Nuwejaar
27 Februarie	Slag van Majuba
6 April	Stigtingsdag
29 Maart	Goeie Vrydag
1 April	Gesinsdag
9 Mei	Hemelvaartdag
31 Mei	Bittereinderdag
14 Augustus	Taaldag
10 Oktober	Heldedag
11 November	Witkruisdag
nie amptelike vakansiedag nie	
16 Desember	Geloftedag
25 Desember	Kersdag
26 Desember	Welwillendheidsdag

SKOLENUUS

EK IS 'N TROTSE DASSIE

Dian Steyn is as hoofseun vir 2024 aangewys en Anja van Wyk as hoofdogter van CVO-skool.

Dian Steyn en Anja van Wyk sal gedurende 2024 aan die stuur van sake by Orania CVO-skool as hoofleiers staan.

Hulle sien daarna uit om deur 'n sterk voorbeeld te lei en wil saam 'n verskil in ander se lewens maak. "Ons sal graag na ons mede-leiers se opinies luister om by die beste kreatiewe plan of oplossing uit te kom," vertel hulle. Leierseienskappe wat hulle admireer en wil nastreef is doelgerigtheid, dissipline, respek en 'n vermoë om te diligeer. Hulle is gereed om hul mede-Dassies te dien, maar moedig elkeen aan om hulle beste pogings aan te wend om van 2024 'n sukses te maak. Dian sê: "Ek is oortuig dat ons skool in die toekoms nog baie hoogtes gaan bereik, met ons oë gerig op ons Hemelse Vader!"

Orania CVO-skool het stylvol by hul matriekafskeid opgedaag

Onder: Wilmarie van den Berg en Divan Steenberg, beide matrikulante van CVO-skool.

Regs: Johannes Koen en metgesel Nicky Paul

Bo: Jo-Marie Conradie en metgesel Ernst Kleynhans

Regs: Bernice Robbertze en metgesel RJ Strauss

Fotos: Theunie Kruger

Wilmien Janse van Vuuren (2024 voorsitter), Sheva-Ann Nel (2024 ondervoorsitter)

Wilmien Janse van Vuuren is die nuutgekose Voorsitter van Volkskool Orania se Senaat en Sheva-Ann Nel is as Onder-Voorsitter verkies.

Dié twee meisies is dit eens dat 'n leier mense moet inspireer om te groei. Hulle glo in effektiewe kommunikasie waar daar ook na ander se perspektiewe geluister word. Leierseienskappe wat hulle nastreef is eerlikheid, empatie, integriteit, goeie kommunikasie en lojaliteit. Hulle wil as 'n span hul mede leerders motiveer en sien uit na die uitreikgeleenthede wat in samewerking met die gemeenskap beplan word. Hulle sê: "Mag die nuwe jaar vir al ons mede-Volkskolers 'n tyd van groei en sukses wees. Pak alle uitdagings met selfvertroue en gryp geleenthede met entoesiasme aan. Mag daar nie net persoonlike groei wees nie, maar ook akademiese hoogtepunte bereik word.

Volkskool se matrieks het behoorlik partytjie gehou vir hulle afskeid. Hier is van die leerders en hul metgeselle in hulle spog uitrustings.



Cobus Kolesky en Zané Louw

JG Marits en Lena Combrink

Siobhan Holder

Marili Maritz en haar metgesel Franco Coertze

OKKASIE HASIE
maak elke funksie 'n fees!
Dia van Staden • 083 726 1180 • dia@mweb.co.z

KOERANIA sport

Desember, 2023 Volume 01 | Uitgawe Nr. 01

KOERANIA
Jou stem binne jóú gemeenskap

Klein Reus Marathon lewer goeie resultate

Dia van Staden - Redakteur

Christo en Karin Müller van die Orania Atletiekklub het besluit om vanjaar se eerste Klein Reus Halfmarathon in Orania aan te bied. Dit was vir hulle maklik om 'n unieke naam vir die wedloop te kies, aangesien die klein reus eie is aan Orania en die beeld van eie arbeid duidelik uitdra. Die Orania atletiekklub sal jaarliks die wedloop aanbied en volgende jaar se wedloop sal op 19 Oktober 2024 plaasvind.

Die deelnameproses is maklik en slegs 'n paar voorskrifte is van toepassing. Indien 'n atleet die 21 km wil aflê moet hy of sy 16 jaar en ouer wees. Vir die 10 km wedloop moet atlete 15 jaar en ouer wees. Indien 'n voornemende deelnemer nie 'n permanente Atletiek Suid-Afrika (ASA) nommer het nie kan 'n tydelike nommer uitgereik word.

Karin vertel dat Atletiek Griekwaland-Wes veral kommentaar gelewer het oor die mooi roete wat hulle geniet het. Almal was dit eens dat hulle baie welkom gevoel het in Orania. Die energieke drawwers sien reeds uit na 2024 se wedloop. Daar was verwys na die uitstekende waterpunte waar die borge uit hul pad gegaan het om die ervaring vir die atlete 'n hoogtepunt op hul drafkalender te maak.

Kontak vir Karin Müller by 071 389 9901 om meer besonderhede te kry oor volgende jaar se Klein Reus Halfmarathon.

Fotos: Cherise Barnard

Mauritz en Cara Meyer is 'n pa- en dogter inskrywing wat aan die marathon deelgeneem het.

Kerika le Roux van Hopetown (HRC) het die 21 km wedloop met 'n tyd van 1:39:19 gewen.

Rina en Willem Rosslee is De Aar-atlete wat deel gevorm het van bykans 80 atlete wat aan die eerste Klein Reus halfmarathon deelgeneem het. Rina het die 10 km voltooi en was die eeste dame in haar ouderdom wat die wedloop op dié afstand voltooi het.
Willem het die 21 km aangedurf en hulle vertel dat dit 'n voorreg was om aan die eerste marathon deel te neem.

Johan Venter van Orania geniet sy draf.

Wayne McDermitt van Orania op die oop pad.

Joost Strydom berei reeds voor vir sy tweede Comrades in 2024

Jacques Coetzee draf dat die stof so staan.